



JAKARANDA VOORTREKKERKAMP 2021 ONS KAMP



jakarandakamp@gmail.com

<http://jakaranda.voortrekkers.org.za>

Geagte Kommandoleier/AKL Administrasie

3 Maart 2021

Kom kamp saam met die 36-ste Jakaranda Voortrekkerkamp op Die Voortrekkerplaas te Hartebeesfontein.

Lees asseblief hierdie brief aanvullend tot die kampeeders se uitnodigingsbrief.

SLUITINGSDATUM VAN INSKRYWINGS

Daar is geleentheid om in te skryf vanaf 8 Maart 2021 om 15:00 tot Donderdag 11 Maart 2021 om 23:00. **Betalings deur die kommando teen 19 Maart 2021.** Slegs plaasvervangings binne kursusverband kan na die sluitingsdatum geskied.

BANKBESONDERHEDE

Transvaalse Voortrekkers Jakaranda Voortrekkerkamp

ABSA Bank 632005

Tjek rekening 2310157948

Die koste van kontant inbetalings sal teen die kommando verhaal word.

AKL-ADMIN

Die kommando moet toesien dat alle persone wat inskryf vir die kamp, **reeds** by die Gebiedskantoor vir 2021 geregistreer is wanneer die kamp begin.

Die spanoffisiere moet asb seker maak dat jeuglede en hulle ouers kennis dra van die vereistes van die spesialisasie waarvoor hulle inskryf.

Na die sluitingsdatum moet die AKL-finansies die uitstaande bedrag oorbetal aan die kamp.

ALLE VOLWASSENES

Alle volwassenes moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen, nie net saamloop met die kursusse nie, maar ook aktief help met aanbiedings, toepassing van dissipline, diensbeurte, ens. Kursusleiers sal hul vooraf kontak om reëlings te tref vir take binne kursusverband. Ons sal probeer om hul volgens hul keuses te plaas.

Vir elke 8 Penkoppe/Drawwertjies wat kom kamp moet daar **een diensdoenende volwassene** saamkom wat vir die **volle duur** van die kamp op die kamp teenwoordig sal wees. Kampraadslede staan in diens van die kamp en kan nie gereken word as 'n kommando diensdoende volwassene nie. Indien die kommando nie aan die voorgeskrewe kwota volwassenes kan voldoen nie, is daar 'n risiko dat al die kommando se inskrywings nie aanvaar sal word nie.

Indien daar kinders met spesiale behoeftes en gestremdhede in die kommando is, moet die kind deur 'n volwasse persoon vergesel word. Dui dit duidelik op die inskrywingsvorm aan.

KINDERS VAN VOLWASSENES

Toesig en 'n program word gereël vir kinders tot en met Voorskool (Gr R). Hulle is die Kapokkies.

Hoërskool kinders word onder die kamp se bestuur opgeneem wat bepaalde gewaardeerde dienste aan die kamp lewer. Daar sal werklik gepoog word om dit ook vir hulle aangenaam te maak.

HUISVESTING

Kommando's moet asseblief sorg vir genoeg tente vir die aantal seuns en genoeg tente vir die aantal dogters wat inskryf. Sorg moet asseblief gedra word dat die tente in 'n goeie en **reëndigte** toestand is. Vir volwassenes wat nie eie huisvesting het nie is daar beperkte slaapplek in die slaaplokale beskikbaar. Karavane en tente is ook welkom vir volwassenes. Volwassenes kamp **nie** in die jeuglede se tentedorpe nie. Geen jeuglid in graad 4 tot 7 wat kursus doen, slaap in die kamers of in die karavane by hulle ouers nie.

Ons vertrou dat ons op julle kan staatmaak om van hierdie kamp 'n sukses te maak.

Jakaranda Voortrekkerkampgroete,

JAN-ALBERT DE KOCK
Kampeier
071 380 9757

ANNEMARÉ DE KOCK
Kampsekretaresse
083 554 2181